



Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

**GRAAD 12 LEERDER
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG
INSTRUMENT:
VRAE EN ANTWOORDE**

VAK: LANDBOUWETENSKAPPE – TWEEDE VRAESTEL

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 12 bladsye.

Streng gesproke *nie vir toets-/eksamendoeleindes nie.*

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A (VRAAG 1) moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word.
3. Plaas jou ANTWOORDBLAD vir AFDELING A (VRAAG 1) binne die voorblad van jou ANTWOORDEBOEK.
4. AFDELING B (VRAE 2 tot 4) moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
5. Begin elke vraag van AFDELING B op 'n NUWE bladsy.
6. Lees AL die vrae aan aandagtig neer en beantwoord slegs dit wat gevra word.
7. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. MOET NIE die antwoorde op vrae OPBREEK NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

Verskeie moontlikhede word as antwoorde op die volgende vrae voorsien. Kies die regte antwoord en merk met 'n kruisie (X) bo-oor die gepaste letter (A – D) teenoor die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) op die ingeslote antwoordblad.

- 1.1.1 Watter een van die volgende was 'n vorm van handel dryf deur ons voorouers?
- A Ruilhandel
 - B Silwerstukke
 - C Papiergeld
 - D Buitelandse valuta
- 1.1.2 Goedere wat 'n boer op sy plaas besit en wat finansiële waarde het:
- A Sy inkomste en uitgawes
 - B Handelsrekeninge
 - C Bates
 - D Totale inkomste
- 1.1.3 Daar is persoonlike grondgebruikregte op 'n groot stuk grond toegestaan aan mense in 'n nedersetting in een van die provinsies. Hulle het egter nie die reg om die grond oor te dra of te verkoop nie. Hierdie grondbesitreg staan bekend as ...
- A privaat besitreg.
 - B grond gebruiksreg/land bruikhuur.
 - C kommunale besitreg.
 - D grondhervorming.
- 1.1.4 In 'n vryemarkstelsel word die prys van enige produk bepaal waar die hoeveelheid wat op die mark in aanvraag is dieselfde is as die hoeveelheid wat aangebied word. Dit staan bekend as ...
- A vaste prys.
 - B ekwilibrium prys/ewewigsprys.
 - C vang produkte prys.
 - D vloerprys.
- 1.1.5 Die beraamde koste van 100 dagoudkuikens in 'n begroting beloop R350,00. Die beraamde koste van 20 dagoudkuikens in daardie begroting sal ... wees.
- A R700,00
 - B R70,00
 - C R7,00
 - D R35,00

1.1.6 Die rente bereken op die oorspronklike geleende kapitaal tesame met enige rente wat verdien is word na verwys as ...

- A wentelkrediet.
- B enkelvoudige rente.
- C wentel uitgawe.
- D saamgestelde rente.

1.1.7 Swart Ekonomiese Bemagtiging (BEE) is 'n nasionale program om die vlakke van ... te verhoog.

- A deelname van swart Suid-Afrikaners in die beheer van ekonomiese aktiwiteite
- B politiekery/partypolitiek
- C gesinsuitgawes op luukse goedere
- D klasse-onderskeid in die gemeenskap

1.1.8 'n Koolboer het sy algemene plaasuitgawes afgetrek van sy brutomarge. Dit het hom gelaat met die ...

- A netto plaasinkomste.
- B oorhoofse uitgawes.
- C ewewigsprys.
- D gemiddelde maandelikse verkope.

1.1.9 In watter een van die volgende sal jy langtermynkrediet gebruik vir aankope?

- A Tamatiesaad
- B Kunsmis
- C 'n Plaasgebou
- D 'n Eksotiese bul

1.1.10 'n Pynappelsap-fabiek is naby ander fabriek in 'n middestad geleë. Watter van die volgende kon NIE 'n rede hiervoor wees nie?

- A Om gebruik te maak van die ander fabriek se kundigheid.
- B Om makliker en goedkoper toegang tot infrastruktuur te hê.
- C Om met ander fabriek in die middestad mee te ding.
- D Om vinnige erkenning en gewildheid in die stad te verkry.

(10 x 2) (20)

- 1.2 In die onderstaande tabel word 'n stelling met twee antwoorde gegee. Besluit of die stelling in KOLOM B ooreenkoms toon met EEN, ALBEI of GEENEEN van die antwoorde in KOLOM A. Kies die regte antwoord en maak 'n kruisie (X) in die betrokke blokkie teenoor die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

VOORBEELD

KOLOM A	KOLOM B
A: wins B: nis	'n Klein segment van die mark.

ANTWOORD

Die stelling verwys na:			
SLEGS A	SLEGS B	A en B	GEENEEN
A	B	C	D

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 A: Dividende B: Kapitaalgroei	Uitbetaling uit die ondernemingswins.
1.2.2 A: Risiko-aanvaarding B: Finansiële vaardighede	Die plaasbestuurder
1.2.3 A: Onderneming-oorsig B: Produkinligting	'n Beskrywing van die onderneming waarmee jy wil begin.
1.2.4 A: Hoe groter die plot, hoe groter die oes B: Afname in verbruikersgoedere	Die wet van dalende opbrengs
1.2.5 A: Moderne tegnologie B: Inheemse metodes	Die gebruik van sout en asyn deur plaasbestuurders om kos te bewaar.

(5 x 2) (10)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.
- 1.3.1 Die teruggee van grond aan gemeenskappe wat gedwing was om hul grond te verlaat gedurende die apartheidsbewind.
- 1.3.2 Die totale monetêre waarde van alle goedere geproduseer en dienste gelewer in 'n een jaar.
- 1.3.3 Die geld wat aan 'n entrepreneur geleen word deur 'n finansiële instelling.
- 1.3.4 Die dokument wat die onderneming wat jy wil begin, asook jou mikpunte en doelwitte, beskryf.
- 1.3.5 Die wettige dokument wat meld wie 'n stuk grond of eiendom besit. (5 x 2) (10)
- 1.4 Verander die onderstreepte woorde in die volgende om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die betrokke woord naas die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.
- 1.4.1 Bemarking is die verandering van 'n produk in 'n meer bruikbare vorm.
- 1.4.2 Alle basiese stowwe wat geoes en gebruik word na die produksie van ander industriële produkte word eindprodukte genoem.
- 1.4.3 Baie banke sal slegs lenings toestaan aan boere wat grond besit. Die banke gebruik die grond as bruikhuur want hulle kan die grond verkoop as die boer nie sy lening terugbetaal nie.
- 1.4.4 Die besteding is wat oorbly nadat jou uitgawes afgetrek is van jou inkomste.
- 1.4.5 Plafonprys is die situasie waar te veel kapitaal in 'n boerdery onderneming belê is in verhouding tot grond en arbeid. (5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop betrekking het.

'n Bejaarde boer het in 'n plattelandse gebied in Twalaland gewoon. Hy is ten volle verantwoordelik in die verbouing van baie hektaar katoen en tamaties. Hy en sy twee vroue woon en werk heel jaar op die plaas. Sy broerskind besoek hom gedurende oestyd om te help oes. Die oes word met donkies stad toe vervoer waar dit in pragtige klere verwerk word.

- 2.1.1 Watter een van die persone wat in die scenario genoem word sou jy reken die entrepreneur te wees? (2)
- 2.1.2 Watter tipe arbeid sou jy sê verrig die neef (broerskind) op die plaas? (2)
- 2.1.3 Stel TWEE voordele voor wat die bejaarde boer het, deurdat hy donkies gebruik om sy produkte stad toe te vervoer. (4)
- 2.1.4 Dui die faktore aan wat die bemerking van sy plaasprodukte kan belemmer. (5)
- 2.2 Die prys van 'n plaasprodukt hang grootliks af van die voorsiening van daardie produk en die vraag daarna.
- 2.2.1 Onderskei tussen vraag en aanbod. (4)
- 2.2.2 Beskryf kortliks die moontlike faktore wat die vraag na 'n produk kan beïnvloed. (5)
- 2.2.3 Verduidelik die konsep "begroting" aan 'n jong boer wat van voorneme is om te boer. (2)
- 2.2.4 Onderskei tussen 'vertakkingsbegroting' en 'n 'totale boerderybegroting'. (4)

- 2.3 MIV/Vigs beïnvloed die produktiwiteit van arbeiders op kommersiële plase wat weer die produktiwiteit van die landbousektor beïnvloed.
- 2.3.1 Stel VIER maniere voor hoe MIV/Vigs die produktiwiteit in Suid-Afrika kan beïnvloed. (4)
- 2.3.2 Watter raad sal jy aan 'n boerderygemeenskap gee om die verspreiding van MIV/Vigs te beheer? (3)
- [35]**


VRAAG 3

- 3.1 Die onderstaande tabel illustreer die produksie van mandjies tamatieskratte in 'n jaar. Beantwoord die vrae wat op die tabel gebaseer is.

Maand	Jan	Feb	Mar	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Aanbod	60	75	80	85	95	90	75	75	60	60	55	45

- 3.1.1 Trek 'n kolomgrafiek om die produksie van krate tamaties/te illustreer. (4)
- 3.1.2 Dui aan wat die x-as en die y-as op die grafiek verteenwoordig. (2)
- 3.1.3 Wat is die verskil tussen die hoogste en laagste aanbod? (2)
- 3.1.4 Lei af in watter maand die produsent die meeste tamaties aangebied het. (2)
- 3.2 'n Belangrike element in die bemaking van enige produk is die promosie daarvan om potensiële kopers te oorreë om dit te koop.
- 3.2.1 Stel DRIE metodes voor wat 'n groenteboer kan gebruik om die verkope van sy/haar produkte aan te moedig. (3)
- 3.2.2 Wanneer 'n kombinasie van bemakingselemente gebruik word om 'n bemakingstrategie te ontwerp staan dit bekend as die bemakingsresep. Identifiseer die elemente. (4)
- 3.2.3 Tabuleer TWEE voordele elk vir vrye bemaking en koöperatiewe bemaking. (4)

- 3.3 Daar is baie alternatiewe opsies oop vir mense wat hul landboupprodukte wil bemark. Vier bemarkingskanale word aangedui in die sirkels hieronder. Beskryf die proses wat in elke geval van toepassing is.



(8)

- 3.4 Die wet op Arbeidsverhoudinge van 1995 beheer arbeidsverhoudinge, vakbonde en werkgewers.

3.4.1 Meld DRIE voordele wat die wet op Arbeidsverhoudinge vir Suid-Afrikaanse arbeiders/werkers inhou.

(3)

3.4.2 Stel DRIE redes voor waarom dit vir 'n boer noodsaaklik is om finansiële beplanning te doen voordat hy/sy met produksie begin.

(3)

[35]

VRAAG 14

- 4.1 Suid-Afrika se bevolking groei teen 'n vinnige tempo. Terwyl dit daartoe lei dat daar 'n voordurende vraag na voedsel en kommoditeite wat deur die landbousektor geproduseer word, bestaan, neem beskikbare landbougrond elke jaar af. Die enigste manier om by te hou by die toenemende vraag is deur die produktiwiteit van die beskikbare grond te verhoog.
- 4.1.1 Stel DRIE maniere voor om die produktiwiteit van grond in Suid-Afrika te verhoog. (3)
- 4.1.2 Beskryf die ekonomiese kenmerke van grond as 'n produksiefaktor. (4)
- 4.2 'n Jong boer was versoek om sy/haar doelwitte as 'n voornemende plaasbestuurder op te stel. Hy/Sy is voorsien van 'n leidende woordeskate in die blokkie hieronder om as gids te dien om sy/haar doelstellings te kies:
- | |
|---------------------|
| Spesifiek |
| Onderkapitalisering |
| Tyd gebonde |
| Meetbaar |
| Onderproduksie |
| Bereikbaar |
| Bevredigend |
| Interessant |
- 4.2.1 Identifiseer die woorde in die lys wat die mees geskikte is om sy/haar doelstellings as plaasbestuurder te beskryf. (5)
- 4.2.2 Definieer die volgende terme en gee EEN voorbeeld in elke geval:
- (a) Vaste kapitaal (3)
- (b) Roerende kapitaal (3)

- 4.3 Die volgende werksbeskrywings word deur 'n groep plaaswerkers uitgevoer:

Oes van tamaties
Bestuur van oesmasjiene
Snoei van bome
Om koeie te melk
Die uitplant van saailinge
Skoonmaak van krale

- 4.3.1 Kategoriseer die werksomsrywings in die bostaande tabel in geskoolde en ongeskoolde arbeid. (6)

- 4.3.2 Die totale marges van 'n skooltuin is as volg:

Kool se bruto marge = R 234,75
Slaai = R 147,25
Uie = R1 256,00

Die algemene plaasuitgawes was R846,00. Bereken die netto boerderyinkomste van die skool. (5)

- 4.4 Jou klasonderwyser het jou gevra om 'n tekening te maak van 'n verpakkingsaanleg van geprosesseerde voedsel wat jy by jou skool gemaak het.

- 4.4.1 Omskryf die nodige inligting wat jy op jou etiket sal insluit. (3)

- 4.4.2 Die verwerking van plaasprodukte stel plaaswerkers bloot aan gevaarlike gereedskap, toerusting of masjinerie. Stel enige DRIE veiligheidsmaatreëls voor wat plaaswerkers kan neem om hulself te beskerm. (3)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 105

GROOTTOTAAL: 150

NAAM: _____

ANTWOORDBLAD**AFDELING A****VRAAG 1.1**

1.1.1	A	B	C	D
1.1.2	A	B	C	D
1.1.3	A	B	C	D
1.1.4	A	B	C	D
1.1.5	A	B	C	D
1.1.6	A	B	C	D
1.1.7	A	B	C	D
1.1.8	A	B	C	D
1.1.9	A	B	C	D
1.1.10	A	B	C	D

$$10 \times 2 = 20$$

VRAAG 1.2

1.2.1	
1.2.2	
1.2.3	
1.2.4	
1.2.5	

$$5 \times 2 = 10$$

VRAAG 1.3

1.3.1	
1.3.2	
1.3.3	
1.3.4	
1.3.5	

$$5 \times 2 = 10$$

VRAAG 1.4

1.4.1	
1.4.2	
1.4.3	
1.4.4	
1.4.5	

$$5 \times 1 = 5$$

TOTAAL AFDELING A: 45

